

# Aftree-inkomste: moet jy vasmaak?

DEUR BUHLE NDWENI

**D**ie meeste mense neem aftreeprodukte uit met die hoop dat hul spaargeld ná aftrede voldoende maandelikse inkomste sal bied, maar onstuimige finansiële markte en inflasie wat hoër as beplan is, kan 'n verwoestende uitwerking op selfs die mees getroue spaarder se aftreepplanne hê.

Liberty het besef dat verbruikers in 'n onseker ekonomie 'n behoefte aan sekuriteit het, en het 'n uittree-annuïteit en bewaringsfonds geskep wat beleggers se inkomste ná aftrede waarborg.

Liberty se Agile-produk word as die eerste in sy soort in Suid-Afrika beskou. Dit bied aanpasbaarheid volgens die sekerheid wat 'n kliënt oor aftree-inkomste wil hê. 'n Persentasie van die geld kan toegevoeg word aan die Exact Income Fund, wat

gewaarborgde inkomste ná aftrede bied, en Liberty se ander beleggingsfondse, wat soos tradisionele uittree-annuïteit e werk.

“Sommige mense sal dalk 100% in die Exact Income Fund wil hê omdat hulle alles wil beveilig. Iemand anders kan verkies om met 'n aanpasbare annuïteit af te tree omdat dit hulle in staat stel om dekking en kapitaal te kies wat ná afsterwe na hul bevoorreedes gaan, sê Mark Lapedus, hoof vir produkontwikkeling van Liberty Investments. Al is aanpasbare annuïteite uit dié oogpunt wonderlik, is die gevaar dat jou geld sal opraak as jy baie lank leef, sê Lapedus.

## MARKBESKERMING

Ouer, risikosku mense wat nader aan aftrede is, word aangeraai om meer aftreespaargeld in Exact Income Fund te

**Mark Lapedus**  
Hoof vir Produkontwikkeling  
van Liberty Investments



plaas, terwyl jonger beleggers wat 'n aggressiewe groeiportefeulje wil hê, minder tot die fonds behoort by te dra, sê Liberty.

Die Agile-produk is ontwerp om beskerming te bied teen markverswaking net voor aftrede – wat kan beteken dat beleggers te min tyd het om hul finansiële posisie te herstel. “Deur by aftrede inkomste te verseker, kry jy 'n mate van sekerheid. Ongeag van wat met markte of rentekoerse gebeur, sal sake reg verloop en sal jy genoeg geld hê – dís die sekerheid wat die Exact Income Fund aan jou bied,” sê Lapedus.

Sonia du Plessis, gesertifiseerde finansiële beplanner by Brenthurst Wealth Management, sê om 'n produk te kies wat vaste inkomste ná aftrede bied, hang van mens se persoonlike omstandighede af.

“Dit is wys om die geld wat vir aftrede gespaar is, jaarliks na te gaan. As beleggers só 'n produk kies – waar 'n sekere inkomste gewaarborg is – kan hulle aanneem dat hulle voldoende voorsiening gemaak het en dit glad nie bekyk nie, maar dan net voor aftrede besef dat dit nie genoeg is nie,” sê Du Plessis. “Aftreebeplanning moet ernstig bejeën word; beleggers kan nie bloot aanneem en hoop dat dinge reg sal wees of ‘maar sal uitwerk nie.’”

Du Plessis sê die algemeenste fout wat beleggers maak, is om nie die uitwerking in ag te neem wat inflasie op hul aftree-inkomste kan hê nie. “Inflasie is veel hoër as die regering of die Suid-Afrikaanse Reserwebank se verklaarde teiken van 3% tot 6%, veral vir uitgawes soos mediese koste, mediese fondse bydraes en voedselinflasie,” sê sy. ■

terugvoer@finweek.co.za



## GEWAARBORGDE TEENOOR AANPASBARE ANNUÏTEITE

Du Plessis beskryf die voor- en nadele:

### ▲ Sonia du Plessis

Gesertifiseerde finansiële beplanner by Brenthurst Wealth Management

### GEWAARBORGDE ANNUÏTEIT

#### Voordele:

- Lewenslange vaste inkomste.

#### Nadele:

- Inkomste sal waarskynlik nie by inflasie byhou nie.
- Afhangend van die produk sal geen kapitaal ná afsterwe vir die belegger se boedel vir 'n eggenoot of kinders beskikbaar wees nie.
- Nadat daar besluit is om geld in 'n gewaarborgde annuïteit te plaas, kan die belegger nie van besluit verander en kapitaal onttrek nie.



### AANPASBARE ANNUÏTEIT:

#### Voordele:

- Inkomste kan jaarliks verander word. “Mense kan byvoorbeeld met lae inkomste begin en dit vergroot namate hulle ouer word. Die inkomste kan beter by inflasie byhou. Die belegger sal bevoorreedes aanwys: Die kapitaal sal ná afsterwe deel van die belegger se boedel vir 'n eggenoot of kinders wees,” sê Du Plessis.
- Nadat die belegger besluit het om geld in 'n aanpasbare annuïteit te plaas, kan die belegger ook besluit om die kapitaal later in 'n gewaarborgde annuïteit te plaas.

#### Nadele:

- Markrisiko.
- Die belegger moet versigtig wees vir onttrekkings; wees redelik, want om 'n groot inkomste uit die belegging te haal, kan die kapitaal uitput, sê sy.